OOSTELIKE SINODE

C Louis Leipoldt beskryf Oktobermaand as die mooiste, mooiste maand. Vir my wat die meeste van my lewe aan die Oosrand woon is die Pretoria Jakaranda bome se pers kleur vanjaar 'n besonder mooi gesig. Dit is interessant hoe 'n vreemde indringer uiteindelik tog ook mooi en vol bekoring kan wees.

Hierdie uitgawe van die Familienuus sluit Oktober, die mooiste, mooiste maand af en neem ons in November in. In my gemeentelike bedieningstyd was November die mees uitdagende maand van die jaar. Alles wat in Januarie plegtig geopen is, moet afgesluit word met 'n gepaste eet en drink geleentheid, versier met 'n nuwe Kersfeesboodskap. Want Kersfees kom, en daarmee saam die Kerssangdiens en 'n algemene dolle gejaag om alles voor die vakansietyd af te handel.

Met die bewussyn van die besigwees wat soos 'n indringerspesie jou maand kom omkrap, nooi ek jou om ook die mooi van November te waardeer deur 'n oomblik na te dink oor die wyse raad van Spreuke 3 : 5 en 6 - *Vertrou op die Here met jou hele hart – op jou eie insig moet jy nie staatmaak nie. Ken Hom in al jou weë, en Hy sal jou paaie reguit maak.*

Mag die Here November met al die uitdagings, afsluitings en besigwees vir jou soos 'n reguit en gelykpad laat wees. Voorspoed met al die bedrywigheid hier aan die einde van die jaar.

Seënwense uit die Sinodehuis.

# ONS VIER ONS 45 JARIGE BESTAAN

Die dag van 2 November 1979 was 'n dag van besondere vreugde en opgewondenheid. Dit was soos die geboorte van nog 'n kind. Vir die NG Kerk was dit die elfde Sinode wat tot stand gekom het. Dit was ook 'n historiese oomblik omdat die eerste Sinode van die NG Kerk op 2 November 1824 in Kaapstad vergader het. Na 155 jaar het die NG Kerk so gegroei dat nog 'n Sinode tot stand kom.

Die vreugde was sigbaar en hoorbaar toe die afgevaardigdes van die nuwe Sinode oor Visagiestraat na die SATU-saal gestap het. Die vorige aand het die Sinode van Noord-Transvaal afskeid geneem en het die Moderator ds Kobus Potgieter onder andere gesê: 'Ons is dankbaar om deel te kan hê aan geskiedenis wat gemaak word. Ons breek nie weg van mekaar nie, al sal elke Sinode binnekort sekerlik sy eie karakter verkry.' In sy antwoord het Doom Mostert gesê : *'Ons bely en aanvaar in die herindeling ... die kennelike leiding van die Heilige Gees.'* In die harte van die persone wat jare gewerk het vir die verdeling was daar ook groot vreugde en dankbaarheid.

Onder leiding van Ds JL Grobler van Badplaas het die Sinode van Oos-Transvaal gekonstitueer met afgevaardigdes uit 81 gemeentes. As Moderatuur is verkies : Di NJ Mostert (Moderator), PJ Viviers (Assesor), CI van Heerden, (Aktuarius), F Swanepoel (Skriba) en JJ Keyter (Asst-Skriba). Dit was wonderlik om te sien hoe nuwe leiers na vore gekom het om in die Sinode se werksaamhede leiding te neem; soos Oom AV Strydom (Fondse); Kobus Keyter (Jeug), Albert de Jongh (Diens van Barmhartigheid), PK Mentz (Evangelisasie) en Ains Keyter (Vrouediens) ensovoorts. Die Sinode was reg om sy plek te vul in die uitbreiding van God se koninkryk. Die volgende boodskap is deur die Sinode aan sy gemeentes gestuur:
*'Die Sinode vertrou dat hierdie die begin is van 'n mooi hoofstuk in die geskiedenis van ons Kerk. Daar lê 'n lang en steil pad voor en daar is geweldige uitdagings. Laat ons almal saam hard werk in hierdie Sinode; tot eer van die Here.'*(PW de Wet, F Swanepoel.)

Koerantartikel: 1991 moderatuur

The Rev Freek Swanepoel (centre) of Ermelo East has been elected moderator of the Eastern Transvaal Synod of the Ned Geref Kerk. Flanking him are (from left) Dr Piet Meiring (Lynnwood Ridge, secretary); the Rev Doom Myburgh (Kanonkop, Middelburg, assessor); Dr Pieter Bezuidenhout (Lydenburg South, actuarius); and the Rev Johann Ernst (Doornkloof, assistant secretary)

Hieronder is 'n goedgekeurde brief wat aan al die gemeentes gestuur is en wat deur die leraars in gemeentes gelees is:

AAN AL DIE GEMEENTES IN DIE RESSORT VAN DIE NED GEREF SINODE VAN OOS-TRANSVAAL

*Op 24 Oktober 1979, tydens die agtste gewone vergadering van die Ned Geref Sinode van Noord-Transvaal, is daar besluit om die Sinode in twee te verdeel, naamlik Noord- en Oos-Transvaal. Noord-Transvaal behou dan 120 van die 201 gemeentes. Die ander 81 het op Vrydag 2 November as die Sinode van Oos-Transvaal gekonstitueer.*

*Hierdie gemeente is ook by die Nuwe Sinode ingedeel. Dit is ons Kerk se elfde Sinode, en die negende binne die grense van die Republiek. Die sentrum van die Sinode bly, soos in die geval van Noord-Transvaal, Pretoria. Die Kerkkantore en beoogde sinodale sentrum word deur albei gedeel. Voorlopig behartig die predikante in sinodale diens ook die werk in albei Sinodes.*

*Die Sinode vertrou dat hierdie die begin is van 'n mooi hoofstuk in die geskiedenis van ons Kerk. Daar lê 'n lang en steil pad voor en daar is geweldige uitdaginge. Laat ons almal saam hard werk in hierdie Sinode tot eer van die Here.*

*1 Korinthiërs 16:13 - Wees wakker, staan vas in die geloof, wees manmoedig, wees sterk! Laat alles by julle in liefde geskied.*

Tydens die 2007 Sinodesitting word byna eenparig besluit om die naam van die Sinode te verander na Oostelike Sinode (met ander name soos Oosterlig Sinode en Môrester Sinode wat ook oorweeg is)

Foto Hendrien van Vliet: Dagbestuur Sinodale Diensraad tydens Sinodesitting 2024

Kyk uit vir 'n volledige artikel in die Kerkbode oor ons 45 jarige bestaan en lees ook die nuutste artikel oor verhale van afgevaardigdes by ons onlangse Sinodesitting.

Kerkbode nooi jou en jou gemeente uit om in te teken op die gedrukte uitgawe van Kerkbode wat maandeliks in papierformaat aanvullend tot ons gratis aanlyn-bedrywighede by www.kerkbode.co.za verskyn.
Dié lekkerlees-formaat is 'n samevatting van al die mees geleesde stories van mense en gemeentes, jongste kerknuus, nuwe vakatures, amptelike skuiwe, rubrieke, boekresensies en dinkstof.

Kerkbode artikel Afgevaardigdes

Pryse en bestelling van Kerkbode

# WAT GEBEUR IN DIE OOSTELIKE SINODE

## GESELS SAAM MET ONS!

Kliek hier vir die skakel na die ZOOM sessie

## EKOLOGIENAWEEK

Natuurliefhebbers – enkellopend of gesinne – almal is welkom!
Kom stap in die blomryke veld, kom swem, kyk wild, hengel of sit sommer net in die kamp en bewonder die natuur. Die keurgereg op die spyskaart is die stimulerende gesprekke wat deur 'n gewilde spreker, prof Francois Durand aangebied sal word.

Vir meer inligting | Program | Vir kampers

## SinOos Seën

### TLU IS DANKBAAR

TLU SA het groot waardering vir alle bystand wat hulle in die Trauma fonds ontvang waarmee boere in nood ondersteun word. Dit is hul beleid om geen administratiewe kostes af te trek nie, maar wend alle donasies volledig aan om boere by te staan. Alle kommersiële boere word, sover dit moontlik is om 'n bedrag geld by 'n voer verskaffer in die onmiddellike omgewing in te betaal, ondersteun ten einde die boer in staat te stel om droogte pille te kan afhaal tot en met die bedrag inbetaal. Die afgelope tyd is erge skade in groot dele van ons land ervaar vanwee swart ryp, veldbrande sowel as droogte. TLU SA se doel is om alles moontlik te doen om hierdie boere in produksie te hou. Produserende boere is inderdaad die grootste bate in ons land indien ons in ag neem wat die gevolge sou wees indien daar nie meer kos op verbruikers se tafels sal wees nie.

*"Bitter baie dankie vir die groot skenking van SinOos Seën af. Julle sal nooit verstaan hoeveel dit vir boere beteken wat alles in brande verloor het en nou vir hulle diere voer kan koop nie."*

SINOOS SEEN

**DONASIES VIA DIE ARTIKEL 18A REGISTRASIE**
Sinoos Seën (SOS) is 'n geregistreerde Artikel 18A-fonds met belasting voordele. Donasies kan direk in die rekening van die SOS-fonds inbetaal word.
Stuur bewys van betaling na finans@sinoos.co.za en om inligting vir die uitreik van 'n 18A-sertifikaat te bekom.
**BANKBESONDERHEDE**
ABSA Tjek | Rekeningnaam: SINOOS SEEN |
Rekeningnommer: 409 6502 989
Verwysing "BOERE"

# PREDIKANTEKONFERENSIE | 9-12 Junie 2025 | VBO punte

Die Predikantekonferensie in die Krugerwildtuin is al vir 'n paar dekades een van die hoogtepunte van ons saamwees as Sinode. **Ons hou dit in die week ná Pinkstersondag. Volgende jaar is dit dus 9 – 13 Junie. Ons vergader in die kerkgebou van die Krugerwidtuin-gemeente in Skukuza.**

Ons begin die **Maandagaand (9 Junie)** met 'n bring-en-braai en saamkuier om die vure. **Dinsdag tot Donderdag se dagprogram** sluit in ons toerustingsgeleenhede van 08:00 – 13:00. Die middag en aand is ons vry om saam te kuier of wild te gaan soek in die bos. Die meeste van ons vertrek dan **Vrydagoggend (13 Junie)** weer terug huis toe.

**Ons gaan in 2025 die verantwoordelikheid vir die plekbespreking vir verblyf aan elke gemeente oorlaat.** Kerkkantore bespreek die tipe verblyf in Skukuza wat vir die leraars en hulle gesinne benodig word. Jy kry dus jou eie besprekingsnommer. Baie dankie vir elke gemeente wat dit vir hulle leraars moontlik maak om die geleentheid by te woon. Die webadres vir besprekings is **www.sanparks.org** Moet nie wag tot op die laaste nie – die wildtuin kan ook vol raak!

Leraars sorg vir hulle eie etes. Die Sinodehuis sorg vir koffie, tee en beskuit tydens ons oggendsessies. Teken die datum aan in jou 2025 dagboek, kry die papierwerk in plek, lek solank jou lippe af vir die aanbiedings – en sit jou Bosveld-hoed op!

Sien jou daar!





## GELEENTHEDE, KURSUSSE EN FEESTE

### KERKWEES 200 “Verlede, hede en toekoms” | 5-6 November

## NHKA Gemeente Pretoria-Oos

Die Departement Sistematiese en Historiese Teologie van die Universiteit van Pretoria nooi u uit om om die bogenoemde konferensie by te woon op 5 & 6 November 2024. Die konferensie is deel van die landswye en ekumeniese herdenking van die eerste Algemene Kerkvergadering wat 200 jaar gelede, vanaf 2 November 1824, in Kaapstad sitting geneem het.

Kliek hier vir die volledige program

---

Loer gerus op Excelsus se webblad vir al die VBO leergeleenthede asook webinaars wat beskikbaar is.

Kliek hier

---

## AFLOSLERAARS

Dion van Dyk, Emeritus | 072 317 0407 | dionvdyk@mweb.co.za
Christie Smit, Emeritus | 083 234 4456 | christiepos@gmail.com
André Fitzgerald, Emeritus | 082 855 0691 | anfitz@telkomsa.net
Stanley Strydom, Beroepbare Predikant | 083 299 1090 | stanley.strydom@gmail.com
Charyn Myburgh, Beroepbare Proponent | 072 562 8964 | charynsm@gmail.com
Stanley Marais, Beroepbare Predikant | 084 782 3547 | stanleymarais@gmail.com
Bennie Benadé, Beroepbare Predikant | 082 928 9431 | bpbenade@hotmail.com

## VAKATURES

Vakature Stad op die Berg

Vakature NG Gemeente Bethanie

# Verjaarsdae

Baie geluk aan elkeen wat tussen **29 Okotber - 11 November** verjaar.

**EMERITI**
29 Oktober Peet Grobbelaar
30 Oktober Johann Voges
5 November Hendrik Saayman

**PREDIKANTE**
1 November Chris Jacobs
5 November Danie Langner

**GEMEENTES**
Kloofsig - 29 Oktober 1964 (60jr)
Valleisig - 29 Oktober 1989 (35jr)
Middelburg-Kanonkop - 31 Oktober 1973 (51jr)
Komatipoort - 1 November 1962 (62jr)
Malelane - 3 November 1956 (68jr)
Ermelo - 5 November 1870 (154jr)
Pretoria-Oosterlig - 6 November 1975 (49jr)

**Uitvoerende Amptenaar**
uitamp@sinoos.co.za